

1 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 24
Fokusgedeelte: 2 Kronieke 24:17-25

Die Here sien onreg raak

Joas wou nie leer uit die geskiedenis van Asa, sy grootjie en die eerste hervormerkoning van Juda, nie. Soos Asa maak hy die afgodsdien van sy ouma ongedaan en herstel hy die ware godsdien aan die Here. Soos Asa regeer hy lank en raak hy aan die einde van sy regering hoogmoedig. Die leiers van Juda het hom opgehemel en hy laat dit hom welgeval (24:17 NAV). Soos Asa luister hy nie na herhaalde waarskuwings van profete nie (24:19) en hy sterf op 'n ongewone manier. Joas se begin en einde staan net in skerper teenstelling as dié van Agas.

Die volk juig toe Joas gekroon word. Hy is maar 'n kind van sewe jaar oud, maar die troon word aan 'n Dawidseun teruggee (23:3). 'n Seun is aan ons gegee en die heerskappy is op sy skouers! Is hy nie dalk 'n tweede Dawid nie?

Dieselfde Joas word veertig jaar later deur sy eie amptenare om die lewe gebring. Hy is nie werd geag om in 'n koningsgraf begrawe te word nie, want hy het 'n vreeslike onreg gepleeg. Hy het die profeet Sagaria in die tempel laat vermoor net omdat dié hom met die krag van God se Gees kom bestraf het oor sy afgodery. Dit was sy eie stiefbroer (24:22) wat Joas laat stenig het!

Toe Sagaria sterf, roep hy uit: "Die Here sien dit, Hy sal julle straf!" (24:22 NAV). Die Here hét die onreg gesien en hét rekenskap geëis. Niemand is te belangrik dat die Here onreg sal duld nie.

Die ware Dawidseun moes nog gebore word. Sy heerskappy is gegrond op reg en geregtigheid.

Sing: Psalm 72:1,2

Prof PP Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)